



---

## NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID AFRIKA RING VAN SOMERSET-WES

---

Adres: 4 Ritter Straat Strand 7140 E-pos: [Christo@ngss.co.za](mailto:Christo@ngss.co.za)

15 Julie 2021

Liewe Kerkraad van die NG Gemeente Die Strand

As Ringkommissie van die Ring van Somerset-Wes het ons reeds op 8 Julie 2021 gevra dat ons sou gou moontlik met die kerkraad van Die Strand oor hulle besware in gesprek wil tree. Die berig in die Burger van 14 Julie maak dit noodsaaklik dat die ringskommissie reeds nou al in die openbaar hierop reageer.

Die ringskommissie sou op elkeen van die sewe punte kon reageer, maar die briewekolom laat nie ruimte daarvoor nie. Dalk tog een saak wat die ring en NG Kerk na aan die hart lê naamlik die kerkraad se persepsie dat die NG Kerk glo dat “jy nie hoef te glo in die maagdelike geboorte van Jesus en sy fisieke opstanding nie, omdat dit nie wetenskaplik moontlik is of bewys kan word nie”.

Daar bestaan geen feitelike gronde vir hierdie stelling nie. Op die 2019 Algemene Sinode het 'n verslag gedien oor Missionale Kerkwees wat die kerk se oortuiging soos volg verwoord: “Die groot verhaal van die Bybel is van God wat mense soek, roep, verlos, heilig en stuur. God se heilswerk kulmineer in die dood en opstanding van Jesus en die versoening tussen God en mens wat daar plaasvind. “Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!” (Ef 2:5) Elke lidmaat het die voorreg om op 'n baie persoonlike vlak hierdie redding te beleef en gepaardgaande vergifnis te ervaar. Deur die dood en opstanding van ons Verlosser, Jesus Christus, kan ons nou in 'n herstelde verhouding met God leef”. (Agenda van die Algemene Sinode 2019) Dit reflekteer die NG Kerk se standpunt.

As ringskommissie wil ons hierdie saak en ook die ander punte met die kerkraad bespreek. Dit is vir ons baie hartseer dat sulke persepsies die wêreld ingestuur word in 'n tyd waar ons hierdie opstandingsgeloof en troos meer as ooit nodig het. In hierdie tyd waarin mense groot

lyding ervaar a.g.v. die Covid-19 pandemie bly ons enigste hoop dat ons ook saam met ons Here Jesus uit die dood sal opstaan. As kerk is dit ook nie nou die tyd om vas te val in interne teologiese debatte terwyl ons land letterlik brand nie. Laat ons vir Jesus Christus volg op straat, waar mense ly, kwaad is en selfs geweld pleeg, deur vrede, hoop en herstel te bring.

Groete in die naam van die opgestane Jesus Christus.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'C. Benadé', written in a cursive style.

Dr. Christo Benadé

Voorsitter van die Ring van Somerset-Wes